

1 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 104

Fokusgedeelte: Psalm 104:1

God sorg

Die hele skepping getuig van God se grootheid en sorg. Die digter verwonder hom oor die koninklike heerlijkheid van God in die skepping. Dit kom so veelsydig en veelkleurig na vore. God is groot, beklee met koninklike luister. Alles staan onder sy beheer: die wolke, die wind en die weerlig. Wat God geskep het, is standvastig, ordelik en stewig. Sy kleed van lig verdryf die duister. Die hele skepping luister na sy stem.

Hoe troosryk is hierdie wete. God laat nie sy skepping aan sy eie lot oor nie. Hy sorg vir die behoeftes van sy skepsels. Hy laat fonteine ontspring sodat daar vir diere drinkwater kan wees. Hy sorg vir bome waarin voëls nes kan maak. Hy gee aan dassies en bokke 'n plek om te skuil.

God voorsien in elke behoefte. Hy gee nuwe krag, ook aan die mens. Selfs die voorreg wat die mens het om op te staan en te gaan werk en weer te kom rus, kom van God af – alles ordelik, tot voordeel van mens en dier. God het selfs die woeste en onbekende see geskep, met die Leviatan, wat vroeër beskou is as 'n monster van chaos. Van hom maak God net 'n speelding.

So groot is God! Hy is die Skepper en Onderhouer van alles! Alles is in sy hand!

Dit is vir die gelowige 'n ryke troos, maar vir die ongelowige 'n vreeslike verskrikking. As God Hom sou terugtrek, wat bly oor?

Alleen in God het ons lewe! Wat 'n voorreg is dit om in Christus kind van God te wees! In Christus het ons die sekerheid dat God oor ons waak, ons versorg en dra, soos Hy met sy skepping doen. Daarom kan ons nie anders as om die Here te loof nie.

Lof aan die Here is:

- om sy Naam oral en altyd groot te maak en uit te dra
- om te bid dat daar nooit 'n einde mag kom aan die roem van die Here nie
- om vreugdevol in alles wat jy doen, net die wil van God te soek
- om werklik te lewe om te loof!

Waar God as Skepper en Onderhouer geloof word, is rus en vrede in die hart en dit maak 'n verskil aan alles in jou en om jou. Word maar net klein voor die grote God. Staar verwonderd voor sy krag, majesteit en heerlijkheid. Leef saam met die hele skepping: "Ek wil die Here loof. Prys die Here!"

Die skepping getuig daarvan ... en u?

Sing: Psalm 104:1, 20, 21 (1936)

Ds. RG Aucamp (Middelburg, Karoo)